

RSG
RADIOTEATER

'n Brief vir Moses

- Finalis: RSG/SANLAM radiodramaskryfkompetisie -

2020

deur

JO-AITHNE STEMMET

Kopiereg en opvoerrechte berus by: Jo-Aithne Stemmet
e-posadres: jostemmet@gmail.com

RSG

RADIOTEATER

‘n Brief vir Moses

deur

JO-AITHNE STEMMET

Opnamedatum :

Uitsaaidatum :

Regie :

ROLVERDELING:

1. JEROME (Kleurlingman in sy 50's van Kaapse herkoms. Sy dialek getuig van 'n goeie ouerhuis en goeie geletterheid. Hy is 'n skrywer vir 'n populêre tydskrif.)
2. JÓGEBET ('n Eksentrieke 15-jarige kleurlingmeisie van die Weskus. Sy praat met die gepaste streeksaksent en het 'n pragtige sangstem.)
3. OUER JÓGEBET (Bejaarde Jógebet, 'n kleurlingvrou in haar 70's van die Weskus. Dit kom voor asof sy die kluts kwyt is. Sy praat met die gepaste streeksaksent en het, soos jong Jógebet, 'n pragtige, maar meer volwasse sangstem.)
4. GERTY (23-jarige kleurlingvrou van die Weskus, wat praat met die gepaste streeksaksent. Sy is Jógebet se boesemvriendin.

5. OUMIES GERTY: (Bejaarde Gerty, in haar laat 70's, van die Weskus. Sy praat in die gepaste streeksaksent.)
6. JAMES (Britse Vloot bevelvoerder, ongeveer 35 jaar oud. Hy praat in die nodige Britse dialek. Jógebet se geliefde.)
7. OOMPIE PETRUS: ('n Kleurlingman in sy 60's, winkeleienaar. Hy praat met die gepaste streeksaksent. Bevriend met Jógebet en Gerty.)
8. MIES MARTHA: ('n Deftige blanke dame in haar 40's. Sy is bemoeisiek en bitter. Haar dialek getuig van haar arrogansie.)

**BYK : TEMAMUSIEK (LA MER – CHARLES TRENET) OP EN DOOF NA
VROEGOGGEND IN JEROME SE KOMBUIS. GERUIS VAN DIE
SEE EN GEKRYST VAN ENKELE MEEUE AF EN TOE IN DIE A/G.**

1. JEROME : [SUG EERS, DAN SING] *‘Somewhere, beyond the sea, somewhere, waiting for me, my lover stands on golden sands and watches the ships that go sailing.’*

**BYK : PAPIER IN TIKMASJEN GEPLAAS EN VERSTEL. POUSE.
TIKGELUIDE DUUR VOORT ONDER SPRAAK.**

2. JEROME : [LEES] Elke oggend, nes die son sy kop uitsteek oor die see, klink haar lag so helder soos ‘n Krismis-kerkklok wat die klein vissersgemeenskappie roep tot lofprysing. Dis amper asof die wind nét vir haar gewag het en dan, die oomblik wat die klank van haar lippe ontsnap, dit oplik en so vinnig as moontik waai na almal wat wil luister. Daarna trippel haar plat skoentjies - wat al beter jare gesien het - in die straat af. Waarheen sy, Jógebet, wérklik in haar hart oppad is, weet net sy, maar die mense van Galjoenbaai se oë volg haar elke dag tot waar... [BREEK AF]

BYK : TEEPOT FLUIT, TIKMASJEN STOP.

3. JEROME : [STAAN OP] ‘n Lekker koppie tee. [BEWEEG WEG VAN MIK] Haar verrimpelde kaal voete mis nie ‘n enkele waterpoel nie. ‘n Mens kan amper dink dat sy vroeër jare ‘n perfekte *pas de deux* kon doen, maar dat die ouderdom...[HANG]

BYK : SKINK TEE ONDER SPRAAK.

1. JEROME : Die ouderdom en alles wat met haar gebeur het... haar storie... het ook maar sy tol geëis. Elke volbloed Galjoenbaaier ken al haar diepblou jas, motgevrete kerkhoedjie en die plat, outydse handsakkie wat sy onder haar arm vasknyp.

BYK : TEEKOPPIE VAL EN BREEK OP DIE VLOER. SKERWE WORD OPGETEL EN OP DIE TAFEL NEERGESIT ONDER SPRAAK.

2. JEROME : [TEL SKERWE OP, VIES] Ag nee... nóg 'n koppie flenters! [SUG] Waar was... o, ja. [TERUG NA TIKMASJIEN, BEWEEG NA MIK] Die goedkoop juweliersware om haar nek en dun polse klingel-klingel heel vrolik saam. In haar een hand dra sy 'n ou bruin soetkys. Dié se knippe werk nie meer so lekker nie, so sy het toe 'n ou stuk tou om dit gebind om dít wat sy met haar saamdra, veilig te hou. [GAAN SIT] Die mense van Galjoenbaai het baie dinge te sê oor dié grys, eksentrieke vrou.

BYK : TIKMASJIEN KLANKE ONDER SPRAAK.

3. JEROME : Uit al die stories wat mens hoor – van dat sý eint'lik 'n hý is, tot haar mallerige ma wat haar kastig na geboorte met haar kop teen 'n rots laat val het – is die storie oor haar liefling wat sy in die bed betrap het met 'n ander vrou die gunsteling. Sy het blykbaar, volgens sommige Galjoenbaaiers, hulle altwee summier geskiet en toe, soos haar ma, mallerig geraak.

BYK : NUWE PAPIER IN TIKMASJIEN, VERSTEL. TIKMASJIEN KLANKE DUUR VOORT ONDER SPRAAK.

1. JEROME : Maar as mens met Oumies Gerty praat, hoor jy 'n heel ander storie. Sy is al amper in haar tagtigs. Gebore tydens die Eerste Wêreldoorlog, stoei deur die Groot Depressie, oorleef die Tweede Groot Oorlog, die Bos-oorlog én die Apartheidsjare – niks kan haar onderkry nie. Ten spyte van haar ouderdom en sukkel-gesondheid, is sy steeds elke dag op haar pos met die mooiste blomme aan die Weskus. Maar as dit storietyd is, maak sy 'n mens sit op 'n ou kreunstoel in haar kombuis, skink lekker vars moerkoffie en gee 'n beskuitjie aan. Dan vertel sy die storie van die jong Jógebet, haar boesemvriendin: 'n pragtige meisie met die vel so bruin soos Oumies Gerty se boeretrous, weerbarstige swart krulle, diep groen oë en 'n engelstem.

BYK : TERUGFLITS: LAATMIDDAG IN GERTY SE HUISIE NABY DIE STRAND. GEDRUIS VAN DIE SEE EN “BEGIN THE BEGUINE” WAT SPEEL OP 'N GRAMMOFOON IN DIE A/G ONDER DIALOOG EN BYKLANKE.

2. JÓGEBET : [BUITE, UITASEM, OPGEWONDE] Gerty! Gerty! [POUSE] Gerty!

BYK : KLOP AAN DEUR.

3. GERTY : [VANUIT 'N ANDER VERTREK] Jógebet? Ek's hier! Kom binne!

4. JÓGEBET : Gerty! Jy moet kom kyk!

5. GERTY : My liewe hemel, Jógebet! Wat raas jy so? Wat gaan aan?

BYK : DIE DEUR KREUN OOP.

6. JÓGEBET : [BEWEEG VAN BUITE TOT OP MIK] Daar's 'n... jy moet kom sien!
Kom kyk nou!

1. GERTY : [BEWEEG VAN ANDER VERTREK TOT OP MIK] Haal asem mens!
Wat moet ek kom sien? Het daar weer 'n vissersbootjie omgeslaan?
Die mense steur hulle ook nie altyd aan wind, weer en getye nie.
 2. JÓGEBET : Nee man Gerty, daar't 'n groot skip in die hawe gedok. Sy gatkant
steek skoon verby die end van die hawemuur!
 3. GERTY : Hoe? Waar kom hy vandaan? Wat maak hy hier?
 4. JÓGEBET : Ek weet nie. Maar die hele Galjoenbaai staan daar om te kyk. Van ou
orige Mies Martha tot Antie Trudie wat nooit haar se neus by 'n deur
uitsteek nie.
 5. GERTY : [NA DEUR, BEWEEG WEG VAN MIK] Wag nou, laat ek sien.
 6. JÓGEBET : Ja, kyk met jou se eie twee oge!
 7. GERTY : [WEG VAN MIK] Jógebet! Die skip is mos groot, man! Seker van
oorsee af of iets.
 8. JÓGEBET : Dalk is dit die *Queen!* [OOR-DRAMATIES] U hoge *queen*-heid! *How
do you do?*
 9. GERTY : [BEWEEG LAGGEND TERUG NA MIK] *As you were, young lady.
Care for some tea and scones?*
 10. JÓGEBET : [NOU ÉÉRS OPGEWONDE] Kom ons vat vir hulle tee!
 11. GERTY : Dat ons nou só 'n blink idee moet kry, né?
- BYK : KOPPIES, PIERINGS EN TEELEPELS KLINGEL SOOS DIT
HAASTIG IN 'N MANDJIE GEPAK WORD ONDER DIALOOG.**
12. JÓGEBET : Ek dink ons moet vir hulle van daai lekker koekies wat ons
noudiedag gebak het ook inpak.

1. GERTY : Nee, nie daai teestel nie! Dit was my ouma s'n. Sy draai in haar graf om. Vat eerder daai ene daar op...[BREEK AF]
 2. JÓGEBET : Dis juis hoekom ons dié ene moet vat. Jou ouma s'n is mooier as die goedkoop ene wat jy wil vat. Onthou, ons bedien *tea and... and...*
 3. GERTY : *Biscuits.*
 4. JÓGEBET : *Biscuits. Tea and biscuits for her Queen for.*
 5. GERTY : Jou se Ingels is maar stukkend, né?
 6. JÓGEBET : My Ingels is genoeg vir die *Queen*.
 7. GERTY: : [LAGGEND] Jy moet tog net nooit 'n Ingelse man vat nie.
 8. JÓGEBET : Hoekom nie? Mens hoef mos nie te praat nie. Jy hoef net liefdesliedjies te kan sing.
 9. GERTY : [LAGGEND] Ja, ja. Daai lyk wel vir my bietjie meer na 'n oorloggerige skip. Die ding is te heeltemal te vaal vir die *Queen*.
 10. JÓGEBET : Nee, dis die *Queen*. Definitief.
 11. GERTY : Goed, ek dink ons het alles. Kom ons loop.
- BYK : DEUR KREUN TOE. SEEKLANKE EN GEROESEMOES VAN NUUSKIERIGE SKARE IN A/G KRUISDOOF IN EN HOU.**
12. JÓGEBET : [BEWEEG VAN VER TOT OP MIK, ROEP UIT] Hallo julle skip-mense en die *Queen!* *We got tea for you, oh the royal queenie!* Kom Gerty, tel bietjie spoed op!
 13. GERTY : [BEWEEG TOT OP MIK] Jógebet, ek kan nie so vinnig nie, my bene werk nie so lekker soos joue nie. Kyk... daar's die skip se naam. Ek kan nie so ver lees nie. Wat seg dit?

1. JÓGEBET : O, ek sien. H... M... S... wat's daai? [WEG VAN MIK] Oompie Petrus, watse skip is dié?
2. O. PETRUS : [VER] Jógebet! Het gewonder wanneer julle ook hier sou aankom. Dis 'n weermagboot. [BEWEEG TOT OP MIK] Van die vissers wat nou teruggekom het, sê daar's 'n spul soldate op die boot, blykbaar almal Ingels. Lyk my hulle gaan vir ons kuier hier in Galjoenbaai in.
3. JÓGEBET : O, Ingelse soldate van die *Queen*, Oompie Petrus?
4. GERTY : Hier by ons kuier?
5. JÓGEBET : Ons het vir hulle tee gebring.
6. GERTY : En koekies.
7. O. PETRUS : [LAGGEND] Hierdie is harde soldaat-manne, ek weet nie of hulle tee sal drink nie. Maar, Gerty'tjie en Jógebet, meisies soos julle moet maar liefste wegbly van hulle af. Hulle sê mos dat mans wat lank op die see was katools land toe kom.
8. JÓGEBET : Wat's katools?
9. GERTY : Haai Oompie, soldate is dan sulke goeie manne. My pa het altyd gevertel van die dapper manne van die Groot Oorlog.
10. JÓGEBET : Gerty, weet jy wat katools is?
11. GERTY : Wag... hoekom is hulle dan hier? Meen dit dan nou dat daar weer 'n oorlog aan die gang is?
12. O. PETRUS : Net so, liewe Gerty. Dis die Tweede Groot Oorlog, maar gelukkig nie juis hier by ons nie. Jy weet mos, alles gebeur stadiger in Galjoenbaai.

1. JÓGEBET : Moes onse vissermanne ook oorlog toe?
2. GERTY : Waar is die oorlog dan, Oompie Petrus?
3. JÓGEBET : Hoe werk dit dan dat daar so aanmekaar oorlog is?
4. GERTY : [ONGEDULDIG] Sê dan nou of Galjoenbaai se jongens ook soontoe is! En waar is die Oorlog?
5. JÓGEBET : Hoe lank gaan dit dan al aan?
6. GERTY : Waar het Oompie Petrus dit gehoor?
7. JÓGEBET : Hoekom is die oorlogskip dan hier by ons as die oorlog nie juis hier is nie?

BYK : GEROESEMOES VAN NUUSKIERIGE SKARE DOOF WEG

ONDER DIALOOG.

8. O. PETRUS : [SUG] Ai, julle meisiekinders het so baie vrae. Maar julle moet maar liewers ook nou huiswaarts se kant toe. Almal beginne nou loop en julle moenie so allenig hier agterbly nie. Wat sal dié spul Ingelsmanne van julle dink? Julle se pa-hulle had julle mos ook nie so grootgemaak nie. Nou-nou loop daar stories op die dorp rond oor julle twee wat flerrie met die soldate.
9. JÓGEBET : [AFGEHAAL] Oompie Petrus klink nou nes Mies Martha.
10. GERTY : Gaan Oompie nie bly om hulle te ontmoet nie?
11. O. PETRUS : Nee, ek't genoeg gekyk. [BEWEEG WEG VAN MIK] Toe, julle twee moet ook huis toe. Moet nou nie kom staan en moeilikheid soek nie.
12. GERTY : Dan gaan ek ook nou maar ook huis se kant toe stap.
13. JÓGEBET : Ag nee Gerty! Ek wil die soldate bekyk! Sien, daar's hulle!

BYK : GEROESEMOES VAN SOLDATE DOOF IN ONDER DIALOOG EN

BYKLANKE.

1. GERTY : [GEFASINEERD] Hmm. Kyk net hulle se spierwit klere! Wonder hoe hou hulle dit so. Maar Jógebet, ons het mos nou gehoor wat Oompie Petrus seg. Ons moet liewers loop.
2. JÓGEBET : Hu-uh. Gee my die mandjie, ‘seblief? Ek gaan eers tee drink.
3. GERTY : Jy’s ook lekker laf. Moenie by my kom staan en huil as die Ingelsmanne ander planne met jou saam maak nie.
4. JÓGEBET : Hulle lyk so *grand*.
5. GERTY : Jy’t ook nie ore nie.
6. JÓGEBET : Gerty, ek kan agter myself kyk. Gee aan die mandjie.
7. GERTY : Dé. Oppas met my Ouma se koppies en moenie al die koekies staan en opeet nie. Lekker soldaat-kyk.
8. JÓGEBET : Koebaai Gerty, sien jou more. [NEURIE DIE MELODIE VAN “LA MER”]

BYK : DIE MANDJIE WORD ONDER SANG OOPGEMAAK EN TEE

GESKINK OOR GEROESEMOES.

9. JÓGEBET : [ROEP UIT] Hallo julle! [NEURIE WEER “LA MER”]

BYK : GEROESEMOES VAN SOLDATE BEWEEG UIT A/G ONDER

JÓGEBET SE SANG TOT OP MIK EN DOOF WEER WEG ONDER

DIALOOG.

10. JAMES : [BEWEEG VAN VER TOT OP MIK, SING SAAM MET JÓGEBET]
“*Somewhere, beyond the sea, somewhere, waiting for me; my lover stands on golden sand and watches the ships as they go sailing.*”

1. JÓGEBET : So dis hoe die woorde gaan.
2. JAMES : *Absolutely beautiful. The most beautiful thing I have ever seen... and heard.*

**BYK : EINDE TERUGFLITS: WISSELDAAF TERUG NA JEROME SE
KOMBUIS EN TIKMASJEN SOOS VOORHEEN.**

3. JEROME : [LEES] En dís hoe Jógebet en *Lieutenant-commander* James Clarke mekaar ontmoet het. Van toé af was dit nét Jógebet en James. Die wêreld teen Jógebet en James. Galjoenbaai teen Jógebet en James. Maar vir hulle het dit nie saakgemaak nie, want hulle wás mekaar se wêreld. Oumies Gerty vertel hoe sy gestry het. Oompie Petrus het mooi gepraat en die res van die dorp het geskinder – veral Mies Martha. Nie net was James baie ouer as Jógebet nie, maar volgens die mense het haar koffiebruin vel en armoedige sonrokkies nie juis gepas by James se spierwit vel, netjiese blonde hare, lugblou oë en deftige uniform nie. James was immers ‘n hoog-geleerde man van gegoede herkoms – blykbaar iewers in Liverpool, waarookal dit kon gewees het. Die Galjoenbaaiers sê dat dit ‘n groter plek, met beter, slimmer en ryker mense is, en Jógebeth was... wel... Jógebet: die eksentrieke agterbly-dogter van Moppie Abrahams, die visserman wat pad gevat het oor die see agter Jógebet se wegloop-ma aan.

**BYK : PAPIER UIT TIKMASJEN, NUWE PAPIER IN, VERSTEL.
TIKMASJEN DEURLOPEND ONDER SPRAAK.**

1. JEROME : [LEES] Oumies Gerty glimlag net effentjies en sê dat sy maar net gestry het om Jógebet te probeer beskerm teen al die aaklig wat na haar kant toe sou kom. Maar Jógebet was nog altyd 'n hardkoppige hartskind. Sy wou James s'n wees. Vir so lank as wat die *HMS Cornwall* in Galjoenbaai gelê het, het James elke aand weggeglip en 'n kaalvoet Jógebet op die strand ontmoet. Hulle het partykeer met hulle voete in die water gedans op die musiek van 'n onsigbare orkes, en ander kere op die nate van hulle rûe na die sterre lê en kyk. James het vir Jógebet vertel van die Eerste Wêreldoorlog, van sy eie oorwinnings en somtyds die wreedheid van die mensdom. Dan sou hy stil raak waarna Jógebet sy gesig in haar hande sou neem en vir hom sing.

BYK : TERUGFLITS: SKEMER OP DIE STRAND. ENKELE MEEUE EN BRANDERS WAT BREEK, HOU.

2. JÓGEBET : [SING] *Somewhere, beyond the sea, lover stands on golden sands...*
3. JAMES : *Ah, you remember the lyrics.*
4. JÓGEBET : *See, my English are better.*
5. JAMES : *My dearest angel girl... you don't even have to speak. Your beauty is enough.*
6. JÓGEBET : *When your boat leave, you leave me here?*
7. JAMES : *Do you know what a message in a bottle is?*
8. JÓGEBET : *Wat's dit?*
9. JAMES : *When the HMS Cornwall departs, I'll go beyond the sea, like in the song. You will stand on golden sands, watching the ships.*

1. JÓGEBET : *I wait?*
2. JAMES : *Yes.*
3. JÓGEBET : *Maar... wat's dit? 'n Message in a bottle?*
4. JAMES : *Every day you'll find a bottle washed up on the shore, right here. In it you'll find a letter –a message to remind you of my love for you.*
5. JÓGEBET : *I love you.*
6. JAMES : *Like the starry sky.*
7. JÓGEBET : *I come with you when you leaves.*
8. JAMES : *No, my love. You belong here, with the sea, the beach.*
9. JÓGEBET : *I can fight the war. And there are mos a sea and a beach in Liverpool. We be together, vir altyd.*
10. JAMES : *[LAG] I'm sure you're a formidable fighter, a force to be reckoned with. But you are needed here, to fight the many battles to come.*
11. JÓGEBET : *Why you not want me to come?*
12. JAMES : *It won't be safe for you. The war isn't over yet.*
13. GERTY : *[ROEP VAN VER] Jógebeth!*
14. JÓGEBET : *Here come Gerty.*
15. GERTY : *Haai Jógebet!*
16. JÓGEBET : *[ROEP] Hallo Gerty!*
17. JAMES : *Hi, Gerty! What's the hurry?*
18. JÓGEBET : *Gerty look as if she want to say something.*
19. JAMES : *It seems urgent.*
20. JÓGEBET : *I hope Mies Martha not make nonsiens. That lady is always besig.*

1. JAMES : *Oh, there are many people like that where I come from. Classy and rich people, with nothing else to do than to gossip and meddle in the affairs of others. Miss Martha... is that the lady I met the other day in the little shop?*
2. JÓGEBET : *Yes, her.*
3. GERTY : [OP MIK, UITASEM, BENOUD] *Jógebet... ek't nou goete op die dorp gehoor. Mies Martha...[BREEK AF]*
4. JÓGEBET : *Hoor jy? Dis altyd Mies Martha. Wat is dit, Gerty? Hoekom is jy so haastig?*
5. GERTY : *Ek het geloop, oppad na Oompie Petrus se *shoppie*, toe loop ek my mos binne-in Mies Martha in vas. Sy seg toe sy's so bly om te hoor dat... [BREEK AF]*
6. JÓGEBET : *Wat?*
7. GERTY : *Dat die soldate... [BREEK AF]*
8. JÓGEBET : *Praat man, Gerty, man!*
9. GERTY : *Dat die soldate oppad is. Hulle is al klaar besig om hulle se goete op te laai op die skip op. Hulle vertrek vroeër as wat hulle gedink het, en Mies Martha seg dat dit 'n goeie ding is oordat hulle net sondige dinge Galjoenbaai toe gebring het. En toe gaan sy aan oor jou en James.*
10. JAMES : *What are you talking about? What is Gerty saying?*
11. JÓGEBET : *Mies Martha said the soldate is leaving. They pack the ship.*
12. JAMES : *Leaving?*
13. JÓGEBET : *Gerty, is jy doodseker jy't reg gehoor?*

1. GERTY : Ja man, ek's mos nie doof nie! Mies Martha seg die soldate het vir James loop soek maar kon hom nêrens gekry het nie. Sy seg toe hy's seker alweer by jou hier op die strand, besig met onheiligheid. Die skip geepad vanaand al. Iets van 'n *Far East Fleet*. Ek wou net eerste by julle uitkom voor... [BREEK AF]
2. JAMES : *Are you sure? The Far East Fleet?*
3. GERTY : Ja man!
4. JAMES : *I wonder why... I have to find out what is going on. I'm sorry, Jógebeth. Thank you for bringing the news, Gerty.*
5. JÓGEBET : Maar... James... [HANG]
6. JAMES : *I'll see you later.* [BEWEEG WEG VAN MIK] *Meet me here at midnight. I have to go.*
7. JÓGEBET : *No James, please stay here. Bly by my.*
8. JAMES : *I love you.*
9. JÓGEBET : Maar...[HANG]
10. JAMES : [VER] *Wait for me.*
11. JÓGEBET : James! Nee... James, wag!
12. GERTY : Jógebet, James is 'n soldaat en nogals die baas van die skip ook. Hy't mos 'n verantwoordelikheid.
13. JÓGEBET : Los my, ek gaan saam met hom!
14. GERTY : Jy kan nie!
15. JÓGEBET : [SNIK] Maar hy gaan my agterlos!
16. GERTY : Dis nog steeds oorlog, Jógebet.
17. JÓGEBET : Los my uit!

**BYK : STRANDGELUIDE IN A/G WISSELDAAF NA “WE’LL MEET
AGAIN” - VERA LYNN, ONDER DIALOOG.**

1. GERTY : Nee, Jógebeth, jy kan nie. Oorlog is nie ‘n plek vir ons nie.
2. JÓGEBET : [HUILEND] Hy gaan my agterlos!
3. GERTY : Ek’s seker hy sal weer terugkom as die oorlog verby is.
4. JÓGEBET : Ek gaan hom nooit weer sien nie.
5. GERTY : Ai my vriendin, jy’t so baie liefde in jou hart in. ‘n Mens kan nooit liefde vermors nie. Mens kan aanhou om dit weg te gee, maar dit sal nooit opraak nie.

**BYK : EINDE TERUGFLITS: HOU MUSIEK VIR ‘N OOMBLIK,
WISSELDAAF VAN MUSIEK NA JEROME SE KOMBUIS EN
TIKMASJEN SOOS VOORHEEN.**

6. JEROME : [LEES] Daardie aand het die *HMS Cornwall* Galjoenbaai verlaat. James het nie opgedaag met middernag nie, en is weg sonder om te groet. Jógebeth het die see ingevaar asof sy wou saamgaan of James wou gaan oortuig om by haar te bly. Gerty het haar al skreeuend en huilend uit die branders getrek. Só het hulle van mekaar afskeid geneem: die wêreld teen Jógebet en James en die water tussen hulle. Vir maande daarna het Jógebet elke dag strand toe gegaan. Daar het sy gesit en wag dat die *HMS Cornwall* weer sy verskyning sou maak, of dat daar ‘n *message in a bottle* sou uitspoel soos James beloof het, maar niks. Daar het wél ‘n brief gekom, maar nie in ‘n bottel soos Jógebet sou wou gehad het nie.

BYK : TERUGFLITS: MIDDAG IN DIE DORPSPLEIN WAAR VARS

PRODUKTE VERKOOP WORD. GEROESEMOES VAN MENSE IN

A/G.

1. JÓGEBET : [SING “LA MER” IN A/G MET ONSAMEHANGENDE LIRIEKE]
2. GERTY : Baie dankie Mies Martha, hoop die blomme sal Oumies Johanna baie blydskap bring. Sê haar ek hoop sy word gou gesond.

BYK : MUNTSTUKKE KLINGEL ONDER DIALOOG.

3. M. MARTHA : [KOUD] Dé. Hou maar die kleingeld. Jy weet Gerty, daardie mal vriendin van jou?
4. GERTY : Jógebet?
5. M. MARTHA : Einste. Sy het darem nou groot skande veroorsaak hier in die dorp.
6. GERTY : Hoe so, Mies?
7. M. MARTHA : Met haar... ongehoorde gedrag.
8. GERTY : Sy't niks verkeerd gedoen nie, Mies.
9. M. MARTHA : Jy mag dalk so dink, maar ek laat my nie flous nie. Wat sou sy nou wou sukkel met 'n kommandant van die Koninklike Vloot? En dan nou nog 'n wit man ook? Hulle behoort 'n wet te maak teen dit. Soort hoort by soort.
10. GERTY : Ai, Mies. Sy't die man so baie lief. Dit was mos hy wat háár hart gebreek het, nie andersom nie.
11. M. MARTHA : Wat weet sy tog van 'n gebreekte hart af? Sy's nog pure kind!
12. GERTY : Jógebet en liefde is een en dieselfde ding, Mies. Sy sien nie dinge soos ander mense nie.

1. M. MARTHA : Ja, dis oor daar niemand was om haar van beter te leer nie. Daardie slegte pa van haar het haar net so gelos. En haar ma? Nóg erger. 'n Wit vrou wat haar só gedra het? Ek het nog altyd gesê dat jong meisies in hierdie tyd ordentlik grootgemaak moet word. Sy moet leer wat is reg en verkeerd.
2. GERTY : [SUG] Ja, Mies.
3. M. MARTHA : Jy weet, ek het nou-diedag so bietjie met haar oor haar sedeloosheid gepraat, dat dit boekdele spreek oor wie en wat 'n mens werklik is. Sy kan nie so rondgaan na al wat van 'n boot af klim nie.
4. GERTY : Sy't nie rondgegaan nie, Mies. James was haar eerste en enigste.
5. M. MARTHA : Jy bedoel seker baas James.
6. GERTY : [SUG] Ja Mies, jammer Mies. Baas James.
7. M. MARTHA : Sy moet leer waar haar plek is.
8. GERTY : Galjoenbaai is haar plek, Mies Martha.
9. M. MARTHA : [VERERG] Is dit so, Gerty? Haar plek is daar anderkant in die lokasie, weg van die ordentelike mense.
10. GERTY : Het Mies dan nie gesê die soldate kom net moeilikheid maak hier nie? Dan's hulle mos nie ordentelik nie.
11. M. MARTHA : [NOU ÉÉRS VERERG] Gerty, jy moet self bietjie leer waar jou plek is. As ek nie elke dag by jou blomme kom koop het nie, sou ek lankal die dorpsraad gaan sien het oor jy wat so hier op die sypaadjie sit.
12. GERTY : Jammer, Mies.

1. M. MARTHA : Kyk net hoe lyk Jógebet. Kyk daar... kyk hoe lyk haar klere. En dan bowenal, sy's ook nie reg in die kop nie. Onse dominee sê dat blankes en kleurlinge wat meng, gestraf sal word. Lyk my sy't haar verdiende loon gekry.
2. GERTY : [VERSLAAN] Ja, Mies.
3. M. MARTHA : Ek sidder om te dink wat sal gebeur as sy nou nog swanger ook is met daardie man se kind.
4. GERTY : Ja, Mies.
5. M. MARTHA : Dink net watse tipe kind dit sal wees. Loskop soos sy ma, met 'n ras wat nêrens inpas nie. Gebore uit pure onheiligheid.
6. GERTY : Ja, Mies. Is so.
7. M. MARTHA : Wat sal van die kind word? Sulke kinders moet weggeneem word en in spesiale tehuse geplaas word, uit die oog.
8. GERTY : Ja, Mies.
9. M. MARTHA : Jy weet wat hulle in die Bybel se dae gedoen het? Hulle sou sulke kinders in die Nyl gegooi het, en ek't dit vir Jógebet gesê.
10. GERTY : [BESORG] Het Mies het dit dan nét so vir haar gesê? Presies?
11. M. MARTHA : Inderdaad.
12. GERTY : [SUG] Die arme mens.
13. M. MARTHA : Jy kry haar tog sekerlik nie jammer nie? Sy sal gestraf word vir haar sonde, en jy ook, omdat jy dit goedpraat.
14. GERTY : Ek't nog altyd gedog die Bybel gaan oor liefde en vergiffenis. En oor dat mens jou naaste moet liefhet.

1. M. MARTHA : Jógebet is nie my naaste nie. En jy praat van liefde asof jy weet. Dis beslis nie wat jy dink dit is nie.
2. GERTY : Liefde gaan ook bietjie oor aanvaar, Mies Martha.
3. M. MARTHA : Wát aanvaar? Skandalige leefstyle? Jy weet niks, Gerty. Nes Jógebet. Ongeletterd. Kyk maar, oor 'n ruk dan loop sy rond met 'n basterkind. En dan sal ék sorg dat die maaksel op 'n gepaste plek kom, weg van hier af. Ons dorp het nie sulke tipe skandes nodig nie.
4. GERTY : Ja, Mies Martha. Seker.
5. M. MARTHA : Ek gaan nou nie verder met jou staan en kibbel nie, Gerty. Die son trek al water en ek wil nog die blomme na Oumies Johanna toe vat.
6. GERTY : Totsiens, Mies Martha. Stuur liefde vir Oumies Johanna. [SUG]
7. O. PETRUS : [VAN OORKANT DIE STRAAT] Jógebet? [POUSE] Jógebet! ... Ai...
8. GERTY : Oompie Petrus?
9. O. PETRUS : [BEWEEG NADER AAN MIK] Gerty! Ek dink nie Jógebet hoor my nie.
10. GERTY : Wat is dit, Oompie Petrus?
11. O. PETRUS : Ek sien Mies Martha was hier by jou. Het sy jou bietjie opdraand gegee?
12. GERTY : Ja, Oompie Petrus. Sy is erg.
13. O. PETRUS : [OP MIK] Jammer ek't nie kom help nie. Ek was net laasweek in die tjoekie oor daai vrou, en sy sal mens sommer weer reguit soontoe laat jaag net as mens skeef na haar kyk.
14. GERTY : Net om mens op jou plek te sit.

1. O. PETRUS : [SUG] Juistement. [POUSE] Luister, daar het 'n brief by die *shoppie* aangekom vir Jógebet.
2. GERTY : Wie sou dan nou vir haar 'n brief stuur? En *shoppie* toe?
3. O. PETRUS : Nee, ek weet nie.
4. GERTY : Dalk is dit van James af. Uiteindelik, na al die maande. Hy't gebeloof hy sal vir haar briewe stuur in 'n bottel of so iets. Die mansmens het ook net geverdwyn oor die see en haar agtergelos. Sy's in 'n toestand, Oompie Petrus.
5. JÓGEBET : [PRAAT ONSAMEHANGEND IN DIE A/G.]
6. O. PETRUS : Ons had haar mos gewaarsku. Die Ingelse is anderste. En soldate het ander planne met meisiekinders.
7. GERTY : Ja, maar Oompie weet mos dat Jógebet 'n meisiemens van haar hart is.
8. O. PETRUS : En hardkoppig.
9. GERTY : Ag Oompie Petrus, sy is werklik lief vir James, met hart en siel. Nog steeds. Lyk my amper soos hy oor die waters gegeepad het, het sy net liewer vir hom geword.
10. O. PETRUS : Lyk my sy sukkel in haar kop en hart in. Met wie loop en praat sy so? Sien jy?
11. GERTY : Ja, Oompie. Sy sê daar is 'n engel by haar.
12. O. PETRUS : 'n Engel?
13. GERTY : Ja Oompie. Sy is nogal spesifiek oor hoe hy lyk ook nog. Sy't al 'n maand terug my gevertel van die engel wat net opgedaag het. Blykbaar oë so blou soos die lug op 'n sonskyndag.

1. O. PETRUS : Ai, sien jy? Daai man het haar heel mallerig gemaak. Hy spook nou al glad by haar. Sal jy die brief vir haar gee?
2. GERTY : Dis reg, Oompie Petrus.
3. O. PETRUS : Dé. [POUSE] Maar... Gerty? Jógebet se lyf lyk ook nie reg nie.
4. GERTY : Oompie... ai... ek weet nie of ek moet vertel nie. Die mense sal net weer loop en skinder.
5. O. PETRUS : Gerty... is sy... [HANG]
6. GERTY : Ja, Oompie Petrus. Sy is.
7. O. PETRUS : Jinne mens... nou wat nou? Hoe gaan sy kind grootmaak? Sy's nog pure kind haarself.
8. GERTY : Sy't nét laasweek 16 geword. Sy sê James gaan haar kom haal as die Groot Oorlog verby is en dan gaan sy en die babatjie saam Liverpool toe. Maar Oompie, ek dink nie hy gaan weer hierlangs kom nie. Hy't haar nie eers gegroet nie en sy't nog nooit weer van hom gehoor nie. Dalk het hy 'n vrou en kinders anderkant die water.
9. JÓGEBET : [BEWEEG STADIG TOT OP MIK TERWYL SY SING ONDER DIALOOG.]
10. O. PETRUS : Ja jong, seker so iets. Maar kom ons hoop maar hy doen die regte ding.
11. GERTY : Ja, Oompie. Ons hoop. Maar Oompie Petrus, moet asseblief nie vir die ander mense vertel van Jógebet se babatjie nie. Sy wil hom liewers wegsteek.
12. O. PETRUS : Hoekom dan?

1. GERTY : Sy praat van dat sy bang is die mense gaan nie van die babatjie hou nie, oor hy anders gaan wees. Sy sê sy is bang hulle gooi hom in die Nyl in. Mies Martha het haar beet gehad nou die dag en allerhande nonsiens in haar kop geprop. Blykbaar vir haar uit Genesis ook voor gaan staan en lees.
2. O. PETRUS : Ai, ja, niemand se tong is skerper as Mies Martha s'n nie. Maar sy't seker nie gemeen om die babatjie regtig in die water in te gooi nie?
3. GERTY : Daai antie is orig en kapabel, en Jógebet glo alles wat mens vir haar seg. Ek dink net sy weet baie goed dat as daar één mens is wat planne sal maak om van haar babatjie ontslae te raak om Galjoenbaai se naam sonder skande te hou, dan is dit Mies Martha.
4. O. PETRUS : Ja, is so. [POUSE] Ek moet loop.
5. GERTY : Is reg, Oompie. Ek sal die brief vir haar gee. Ai, die arme arme meisiekind. 'n Hele klomp aaklig wat oppad is vir haar. Mies Martha... ai. [POUSE]
6. GERTY : Jógebet, Oompie Petrus het jou gesoek.
7. JÓGEBET : [OP MIK] *Somewhere...* James het my gesoek?
8. GERTY : Nee, Oompie Petrus het. Hier's 'n brief vir jou.
9. JÓGEBET : 'n Brief in 'n bottel? Daar's 'n vlooi in jou vlerk, HMS. 'n Brief?
10. GERTY : Ai mens, met wie praat jy?
11. JÓGEBET : Hom... hy... HMS. Engel is altyd hier, nooit. Hier. Heeltyd. Pluk die vlooi uit jou vlerk, HMS. Dit gaan jeuk. [SING] *He's there, waiting for me.*
12. GERTY : Ek sal vir jou lees. Kom sit.

1. JÓGEBET : [GAAN SIT, SING] *If I could fly like birds on high, then straight to his arms I'll go sailing. I'll go... sailing. Sailing. Straight to his arms.*

BYK : **BRIEF WORD OP MIK OOPGEMAAK EN TWEE MEDALJES VAL OP DIE TEER.**

2. GERTY : [TEL MEDALJES OP] O, hier is twee medaljes. Kyk net hoe blink dit!
[POUSE] Goed. Ek lees. *Madam, it is my painful duty to inform you that a report has been received from the War Office notifying the death of...* [POUSE] Wat? ... *Lieutenant-commander James William Clarke...* [POUSE]... *regiment...* [POUSE]... *which occurred...*
[POUSE] Dis seker nie waar nie?... *Indian Ocean on 5 April 1941.*
The report is to effect that he was... [POUSE]... *lost at sea.* [POUSE]
By His Majesty's command I am to forward the enclosed message of sympathies from their gracious Majesties the Kind and Queen...
[HANG]

3. JÓGEBET : [SING SAG] *And never again I'll go sailing.*

4. GERTY : Jógebet... my liewe Jógebet...ek's so jammer.

BYK : **TERUFLITS EINDIG: TERUG NA JEROME SE KOMBUIS EN TIKMASJIEN SOOS VOORHEEN.**

1. JEROME : [LEES] Daardie dag het die eksentrieke, harts mooi Jógebet voor die son verdamp en slegs 'n dop agtergelos. Oumies Gerty vertel met haar oë neergslaen oor hoe sy en Oompie Petrus brief op brief geskryf het om te probeer uitvind wat werklik gebeur het: hoe James gesterf het, hoe dit gebeur het dat die brief van sy afsterwe Galjoenbaai toe gekom het, hoekom die medaljes in die koevert was en waarom daar nooit nuus was oor sy begrafnis soos die Majesteite beloof het nie.

BYK : NUWE PAPIER IN DIE TIKMASJEN, VERSTEL. TIKMASJEN
KLANKE DEURLOPEND ONDER SPRAAK.

2. JEROME : Hulle wou weet oor bietjie geld om Jógebet te help om na die babatjie om te sien. Oumies Gerty het die twee medaljes wat in die koevert was saam met die dodebrief mooi gepolitoer. Sy het Jógebet op die strand gevind, waar sy met dooie oë oor die waters gestaar het. Sy't nie meer gesing nie, en as sy gepraat het, het dit geen sin gemaak nie. Haar hande was gevou oor haar maag asof sy die ongebore baba binne haar wou hou – veilig weggebêre van die skindertonge van Galjoenbaai en wreedaardighede van die wêreld. Toe Gerty die medaljes vir haar gee, het sy dit styf in haar hand toegevou, soveel so dat haar kneukels wit geword het. Jógebet het haar dae op die strand gespandeer in die geselskap van haar engel wat op 'n druppel water na James gelyk het.

BYK : VERSTEL DIE TIKMASJEN.

1. JEROME : Sy het kort-kort oor haar skouer na die branders geloer, asof sy bang was sy mis 'n *message in a bottle*. Sy het dryfhout begin bymekaar maak en aandra na Blouklip, waar sy vir haar 'n klein hutjie op die groot rots gebou het – ver weg van die oë, ore en tonge af. En toe kom die eerste pyne. Sy het net een bloedstollende gil uitgelaat en daarvandaan het die wind sy ding gedoen en die nuus van die baba wat oppad is, gedra tot by Gerty se voordeur. Dié het haastig 'n opwaskom en handdoeke bymekaar gemaak en oor die strand na Jógebet se hutjie gehardloop. Daar het sy Jógebet gekry – op haar matras tussen bloedbevlekte lakens.

**BYK : TERUGFLITS: VROEGAAND IN JÓGEBET SE HUT OP
SEEFRONT. GEDRUIS VAN DIE SEE IN A/G.**

2. GERTY : Jógebet, jou tyd het gekom! Ek gaan jou help, ons sal dit saam doen.
3. JÓGEBET : [UITASEM, IN PYN] James... roep vir James.
4. GERTY : James is nie meer hier nie, Jógebet. Hierdie babatjie gaan jou nodig het. Kom, kom... kom ons kry jou reg. Ek help jou.
5. JÓGEBET : [HUILEND] Hulle gaan hom wegvat en in die Nyl gooi.
6. GERTY : Wie gaan dit doen? In die Nyl?
7. JÓGEBET : Mies Martha.
8. GERTY : Nonsiens. Niemand gaan jou babatjie in die Nyl gooi nie. Goed, wees nou rustig.
9. JÓGEBET : Dis waar! Ek jok nie, sy seg so!
10. GERTY : Jógebet, haal diep asem. In... en uit. In... en uit.
11. JÓGEBET : As dit 'n seuntjie is gaan hulle hom doodmaak.

1. GERTY : Nee, niemand gaan jou babatjie doodmaak nie.
2. JÓGEBET : Soos hulle James doodgemaak het.
3. GERTY : Nee, jou babatjie sal leef. Julle twee sal reg wees. Kom... kom, mooi so. Haal asem.
4. JÓGEBET : Hulle sê seuntjies gaan by die vyand aansluit en die land oorvat.
5. GERTY : Nee, nee, nee.
6. JÓGEBET : Genesis seg so.
7. GERTY : Genesis is lankal verby.
8. JÓGEBET : James het die land oorgevat.
9. GERTY : Asem in... en uit.
10. JÓGEBET : Hulle gaan hom in die Nyl gooi.

**BYK : EINDE TERUGFLITS: TERUG NA JEROME SE KOMBUIS EN
TIKMASJEN SOOS VOORHEEN.**

1. JEROME : Ná dit het Jógebet weer stil geraak en sonder 'n enkele snik of skreeu geboorte gegee aan 'n mooie seuntjie met 'n koffiebruin vel, swart krulhare en lugblou oë. Die oomblik toe sy hom optel en teen haar bors druk, het die sprankel in haar oë vir 'n oomblik teruggekeer, asof sy weer bietjie hoop gehad het. Die kind in haar arms was 'n stukkie van haar en James en vir oomblik was daar niks wreedagtig in die wêreld nie. Maar Oompie Petrus het nie by sy woord gehou nie. Hy het vir iemand vertel van Jógebet se babatjie, wat vir iemand anders vertel het, wat vir Mies Martha vertel het. Kort voor lank het die hele Galjoenbaai gegons oor die witman se kindjie en die mallerige Jógebet wat skande gemaak het. Die nuus uitgekom by ore wat dit liewers nie moes hoor nie. 'n Besluit is geneem om Jógebet se seuntjie – wat nog nie eers 'n naam gehad het nie – by haar weg te neem en te laat aanneem. Gerty het twee en twee bymekaar gesit en reguit na Jógebet toe gegaan om haar, waar sy haarself en die seuntjie in die hut toegesluit het, te waarsku.

BYK : TERUGFLITS: VROEGAAND IN JÓGEBET SE HUT OP SEEFRONT. BABA-GELUIDJIES DEURLOPEND IN A/G ONDER DIALOOG. DRINGENDE KLOP AAN DIE DEUR.

2. GERTY : [BUITE, OP MIK] Jógebet?
3. JÓGEBET : [BINNE, WEG VAN MIK] So ja. Soetkys gepak.
4. GERTY : Jógebet, maak oop.
5. JÓGEBET : Onthou om dankie en asseblief te seg.

BYK : DRINGENDE KLOP AAN DIE DEUR.

1. GERTY : Jógebet, ek moet met jou praat. Dis dringend!

2. JÓGEBET : Kruip eers voor jy loop.

3. GERTY : Jógebet!

BYK : DRINGENDE KLOP AAN DIE DEUR.

4. JÓGEBET : As jy iets geleen het by iemand, gee dit terug met bietjie ekstra.

BYK : DRINGENDE KLOP AAN DIE DEUR.

5. GERTY : Maak oop die deur!

6. JÓGEBET : Wees elke dag dankbaar oor iets.

BYK : DRINGENDE KLOP AAN DIE DEUR.

7. GERTY : Jógebet! Hulle gaan jou kind kom vat! Maak oop die deur man!

8. JÓGEBET : Leef met liefde, my kind.

9. GERTY : Met wie praat jy? Maak oop!

BYK : DRINGENDE KLOP AAN DIE DEUR.

10. JÓGEBET : Vergewe elke dag iemand.

11. GERTY : Jógebet, hulle gaan hom by jou wegvat en jy gaan hom nooit weer sien nie. Jy moet jou goed nóú pak en gaan!

12. JÓGEBET : Aanvaar mense wat anders is as jy. Of hulle nou blou, geel of groen is.

BYK : DRINGENDE KLOP AAN DIE DEUR.

13. GERTY : [SUG] Jógebet, as jy nie wil hê ek moet jou help nie, moet jy net so seg, dan los ek jou uit.

14. JÓGEBET : Doen iets kreatief. Maak iets met jou se eie twee hande of skryf 'n storie. Ja, ek dink jy moet stories skryf.

15. GERTY : Dan loop ek maar. Maar moenie seg niemand het jou gewaarsku nie.

1. JÓGEBET : Luister baie musiek.
2. GERTY : Hulle gaan jou kind môre kom vat. En dan gaan ek net sê dat ek jou mos wou help en toe wou jy nie.
3. JÓGEBET : Leef naby die natuur.
4. GERTY : Ek loop nou.
5. JÓGEBET : Praat altyd die waarheid. [NEURIE DIE MELODIE VAN" LA MER"]

BYK : SLEGS BABA-GELUIDJIES EN SEE KLANKE IN A/G VIR 'N

OOMBLIK ONDER JÓGEBET SE SANG. DIE DEUR KREUN OOP,

BABAGELUIDE DUIDELIKER. DEUR TOE ONDER DIALOOG.

6. JÓGEBET : [OP MIK] Sjjjt my kleine seuntjie, sy is weg. Niemand sal sien nie en niemand sal weet nie. Moenie huil nie, dis beter so. Die water gaan koud wees.

BYK : TERUGFLITS EINDIG: WISSELDROOF NA JEROME SE KOMBUIS
EN TIKMASJEN SOOS VOORHEEN.

1. JEROME : [SUG] Oumies Gerty vertel hoe sy die volgende oggend na Jógebet se hut toe gegaan het met 'n kosmandjie. Jógebet het doodstil voor haar hut op 'n rots gestaan met die wind wat in haar krulle speel. Toe Gerty vra oor die kleinding het Jógebet net na die see gewys. Gerty het die hut binnegevaar om die kind te loop soek, maar al wat daar was, was 'n oop soetskys met 'n nat, wit doopskleed, 'n kombersie, een medalje en James se dodebrief. Van die seuntjie was daar geen teken nie. Gerty kon ook nie 'n enkele woord uit Jógebet kry nie, en ook nie Oompie Petrus of die ander mense wat kort daarna opgedaag het nie. Die mense het allerande vrae gevra oor die baba: waar hy was, hoe oud hy was, wie en waar sy pa was en waarvan hy geleef het tot nou.

BYK : NUWE BLADSY IN TIKMASJEN, VERSTEL. TIKGELUIDE, HOU.

2. JEROME : Daar was vrae oor Jógebet se ouers, oor haar allengheid, en haar sielstoestand. Oompie Petrus het geantwoord so goed hy kon – hy het immers vir Moppie Abrahams en Elizabeth Evans goed geken: die seeman en die kunstenaar. Gerty het probeer verduidelik dat Jógebet se hart stukkend is en dat mens kan siek word en doodgaan daarvan, maar die mense wou niks weet nie. Jógebet het net daar gestaan – woordeloos, haar gedagtes ver, maar tog vreemd genoeg, met 'n stil gerustheid. Die grootste vraag: waar was die kind? Jógebet het net na die see gewys. Só is daar toe nou bepaal dat Jógebet, die liefde self, haar eie seuntjie moes verdrink het. Die Polisie het gekom en haar onnodig hardhandig aan haar dun arms rondgetrek, 'n paar bystanders beveel om die hut af te breek en vir Jógebet weggeneem.

BYK : DIE TIKGELUIDE STOP VIR 'N OOMBLIK EN 'N CD SPELER
WORD AANGESKAKEL, MET INSTRUMENTALE MUSIEK UIT DIE
1990'S. DIE MUSIEK SPEEL ONDER SPRAAK.

1. JEROME : Oumies Gerty het vir baie jare daarna nie 'n woord gehoor van Jógebet nie. Niemand kon sê waarnatoe sy geneem is nie, en vir die Galjoenbaaiers was dit 'n lekker sappige storie wat homself daar afgespeel het. Elkeen het sy eie stertjie bygesit. Die storie van die eksentrieke meisie wat haar eie babatjie verdrink het, het só ver geloop dat dit by my redakteur in die Kaap uitgekom het: 'n lekker storie vir 'n tydskrif. Ek's toe Galjoenbaai toe, en dis waar ek Oumies Gerty ontmoet het.

BYK : TERUGFLITS: DORSPLEIN IN DIE VROEGOGGEND, WAAR VARS
PRODUKTE VERKOOP WORD. GEROESEMOES VAN MENSE IN
A/G.

2. O. GERTY : Blomme vir Baas? Mies Martha het amper al die blomme gekoop so hierdie is al wat oor is vir vandag. Mooie poppies, daisies en 'n paar asters. Maar ek sal môre weer hê.
3. JEROME : Gee my 'n bossie poppies, asseblief. Hoeveel kos dit?
4. O. GERTY : Maar net vyftien rand. Baas maak nie 'n fout nie. Die Miesies gaan baie van hulle hou. Sy sal jou sommer vergewe vir die laaste keer wat Baas haar kwaad gemaak het.
5. JEROME : [LAG] Hulle is pragtig, dankie. Asseblief, ek's geen baas nie. Daardie dae is verby. My naam is Jerome.

BYK : MUNSTSTUKKE KLINGEL.

1. O. GERTY : Dié blomme is die mooiste op die dorp. Ba... Jerome.
2. JEROME : Ek wonder... sê my, mevrou... mevrou... [BREEK AF]
3. O. GERTY : G'n mevrou nie. Die mense noem my sommer Oumies Gerty.
4. JEROME : Oumies Gerty. Ek wonder of Oumies my dalk kan help. Ek werk vir 'n tydskrif en my redakteur het my opdrag gegee om 'n storie te skryf oor Suid-Afrikaanse moordenaresses. Ek het gehoor van die meisie wat jare gelede...
5. O. GERTY : [SAG] Haar naam is Jógebet.
6. JEROME : Ek het van Jógebet gehoor. Ek het al met so 'n paar mense hier rond gepraat, maar daar is te veel verskillende stories. Ek wil graag weet wat werklik gebeur het.
7. O. GERTY : Ek sal jou die waarheid vertel.
8. JEROME : Dit sal wonderlik wees, baie dankie.
9. O. GERTY : [SAG] Jy't darem 'n mooie paar blou oë.
10. JEROME : [LAGGEND] My ouers sê altyd dat enige iemand kan sien ek's aangeneem. Dis ongewoon vir 'n bruin man om blou oë te hê. Niemand in hulle familie het blou oë nie.
11. O. GERTY : Ek het eens op 'n tyd iemand geken met sulke blou oë. Waar kom jy vandaan, Jerome?
12. JEROME : Ek's van die Kaap af, Oumies Gerty.
13. O. GERTY : Jy praat darem 'n mooie Afrikaans.
14. JEROME : [LAG] Dankie, Oumies Gerty. My ouers het my goed geleer.
15. O. GERTY : En jy kom al die pad hiernatoe om oor onse Jógebet te kom skryf?

1. JEROME : Ja. Ek't 'n baie eienaardige gevoel oor haar. Amper asof daar heelwat... méér is aan die storie.
2. O. GERTY : Het jy in die Kaap grootgeword?
3. JEROME : Ja. My pa het 'n visvang-besigheid. Sy bote dok gereeld hier in Galjoenbaai.
4. O. GERTY : En jou ma?
5. JEROME : Sy't altyd vir my gesê dat Liewe Jesus my na hulle toe gestuur het, met 'n engel om my op te pas.
6. O. GERTY : Ek sal jou vertel van Jógebet. Jy's reg. Daar is iets... méér. [STAAN MOEILIK OP] My huis is net hier om die hoek. Daar's altyd vars koffie en boerbeskuit. Dis al wat 'n mens nodig het vir 'n storie oor die liefde. Nie soos die soort liefde wat ons deesdae op die kassie kyk nie. Wáre liefde, soos Jógebet s'n.

BYK : TERUGFLITS EINDIG: TERUG NA JEROME SE KOMBUIS, TIKMASJEN EN MUSIEK ONDER SPRAAK.

1. JEROME : [LEES] En toe vertel Oumies Gerty my alles. Ek het baie kere gevra of sy weet waar hulle Jógebet heen geneem het en of sy nog leef. Oumies Gerty het iets gemompel oor Worcester en Die Kruis. Ek het haar vertel dat Die Kruis gevangenis 'n reputasie het vir geweld en allerande ander aakligheid, maar sy het net haar kop geskud en gesê dat niks wat met Jógebet kon gebeur het na hulle haar weggeneem het, erger kon wees as haar gebroke hart nie. Die vreemde ding was dat Oumies Gerty my die hele tyd stip dopgehou het. Dit was amper asof sy tot diep in my siel gekyk het – asof sy iets geweet het wat sy nie wou sê nie. Sy't vertel hoe sy vir baie jare gehoop het dat Jógebet se hart sou genees en dat waarookal sy was, sy souopstaan, haarself afstof en terugkeer as 'n sterk vrou – een wat weer sing. En toe, uit nêrens, op 'n reënerige oggend kom die melodie van “*La Mer*” aangesweef op die wind deur Galjoenbaai se strate. Jógebet was te voet met haar skoene in haar een hand en die soetkys waarmee sy jare gelede weg is, in die ander. Haar voete was die ene seerplekke en haar blou jas vuil en geskeur. Oumies Gerty, wat besig was om in die reënweer blomme te verkoop aan welgestelde dames met deftige sambrele, het die melodie dadelik herken en toe sy opkyk, die weerbarstige krulle wat eens pikswart was, op 'n afstand sien naderkom.

BYK : DIE MUSIEK OP DIE CD SPELER VERANDER NA “BEYOND THE SEA” - FRANK SINATRA. DIT DOOF GELEIDELIK UIT ONDER SPRAAK.

1. JEROME : Galjoenbaai se oë het Jógebet gevolg soos sy in die hoofstraat afgeloop het. Onmiddellik het die spekulasies begin. Die Kruis, Drakenstein, Worcester, oorsee. Toegesluit in 'n kelder, 'n bediende vir 'n ryk familie in Johannesburg. Aan die voortou van die Soweto slagting – sy was die eerste een wat 'n klip gegooi het. 'n Vrou wat haar seuntjie verdrink het, verdien tog die galg. Waar was sy, en wat kon met haar gebeur het? Oumies Gerty het 'n dowe oor gedraai, opgestaan en 'n singende Jógebet vinnig tegemoet geloop, kiere en al. Dat Jógebet haar nie herken het, of nie met haar gepraat het nie, het haar nie gepla nie. Al wat saakgemaak het was dat Jógebet uit volle bors sing. Sy was terug by die see na baie jare – 'n grys vrou, maar waar sy hoort. Haar plek, soos Mies Martha sou sê. Al was haar gesig verrimpeld en haar klere oud, was Jógebet tuis, en so vol liefde soos altyd. Sy het baie vinnig 'n instelling geword in Galjoenbaai. Reisigers het uitgevra oor haar. Toe ek vra waar ek Jógebet sou vind, het Oumies Gerty stilletjies beduie in die rigting van die strand. En daar, met haar voete in die vlak water, was die vrou met die blou jas en kerkhoedjie, soetkys en al.

BYK : TERUGFLITS: SEEFRONT GELUIDE, LAATMIDDAG. ENKELE MEEUE WORD NOU EN DAN GEHOOR IN DIE A/G.

2. JEROME : Dis 'n lekker dag vandag, né? [POUSE] Die strand hier is soveel mooier as daar by ons in die Kaap. [POUSE] Oumies Gerty het gesê ek kan Mevrouw hier kry. [POUSE] Ek is besig om 'n storie te skryf en wil graag hoor oor jou en jou seuntjie.

1. O. JÓGEBET: [VER] Hallo julle! Die oumies het geseg 'n man met lugblou oge gaan my kom soek. [BEWEEG TOT OP MIK] *HMS, HMS*. James. Die oorlog. Ek wil jou oge sien.

2. JEROME : Ja, ek het met Oumies Gerty gepraat. Ek wil graag oor dit alles skryf, ja.

3. O. JÓGEBET: En hom.

4. JEROME : Ja.

5. O. JÓGEBET: Kom, kyk... kyk. So blou soos die lug.

BYK : KOFFER SE KNIPPE WORD OOPGEMAAK.

6. JEROME : [LAG EFFENS] Hierdie soetkys kort 'n bietjie regmaak. Laat ek kyk of ek kan... [BREEK AF]

7. O. JÓGEBET: Nee... nee... kyk net. [BEGIN "LA MER" NEURIE]

8. JEROME : Goed, laat ek kyk.

BYK : KOFFER KREUN OOP.

9. JEROME : Wie se medalje is hierdie?

10. O. JÓGEBET: [POUSE] James. Hy is dapper soos sy pa.

11. JEROME : James se pa?

12. O. JÓGEBET: Hmm-hmm. Dié is James s'n, maar hy... is dapper soos sy pa. Dis syne.

13. JEROME : Britse militêre diensmedalje. [POUSE] Waar is hy, Jógebet? [POUSE] Waarom kyk jy my so aan? Wat is dit? Oumies Gerty het my ook so bekyk. Ek ken daardie liedjie goed.

14. O. JÓGEBET: [HOU OP NEURIE] Van waar?

15. JEROME : Ek weet nie. Dis vreemd. Maar ek ken die melodie.

1. O. JÓGEBET: [POUSE] Wié is jy?
2. JEROME : My naam is Jerome, ek is 'n skrywer vir die... [BREEK AF]
3. O. JÓGEBET: Ek't geweet jy gaan eendag stories skryf.
4. JEROME : Wat bedoel jy jy't geweet?
5. O. JÓGEBET: 'n Ma weet.
6. JEROME : Wie se ma? My ma was... sy...[BREEK AF]
7. O. JÓGEBET: Het sy jou gevertel van die engel?
8. JEROME : Ja, sy is met die helm gebore. Ek't nooit geweet watse engel sy van praat nie. Ek kan hom nie sien nie.
9. O. JÓGEBET: Dis die engel wat ek saam met jou gestuur het. Ek sien hy's nog steeds by jou.
10. JEROME : Maar ek weet nie... wag... wat bedoel jy? [POUSE] Ma het my altyd vertel dat... dat... maar dit kan mos nie wees nie? Is dit... my oë? Hoekom het ek so 'n vreemde gevoel oor Galjoenbaai en jou gehad? Ma het my altyd vertel van die dag wat Pa my huis toe gevat het. Van sy vissermanne het... [BREEK AF]
11. O. JÓGEBET: Hulle het jou uit die water gehaal.
12. JEROME : Hulle het... uit die water... dit was waar... [BREEK AF]
13. O. JÓGEBET: [SING SAG] *Somewhere, beyond the sea, somewhere waiting for me...* [BREEK AF]
14. JEROME : Hulle het my regtig uit die water gehaal. Ek't altyd net gedink dis 'n storie wat my Ma opmaak. Maar hoe het dit dan gebeur?
15. O. JÓGEBET: Jy het sy oë.
16. JEROME : Jy is my... jy het nie... ek is...

1. O. JÓGEBET: Jy is Moses.
2. JEROME : Soos Moses... van die Bybel? Nee, ek is Jerome.
3. O. JÓBEGET: Jou naam is Moses.

BYK : KOFFER WEER OOP.

4. O. JÓGEBET: Hierdie is joune.
5. JEROME : [RUIK] 'n Doopskleed. Ek ken hierdie reuk.
6. O. JÓGEBET: Nou kan ek uiteindelik dit vir jou gee. En hier... [HANG]
7. JEROME : Ek kan mos nie die medalje vat nie.
8. O. JÓGEBET: Dis joune.
9. JEROME : My ma... my... sy het altyd gesê daar was 'n medalje by my toe ek na hulle toe gekom het. Hy het deur die jare verlore geraak.
10. O. JÓGEBET: Die een wat by jou was...
11. JEROME : [SAG] *Medal of Bravery.*
12. O. JÓGEBET: Dis hom.
13. JEROME : Weet jy hoe lank het ek na jou gesoek? Weet jy hoe kwaad ek vir jou was oor jy my weggegee het?
14. O. JÓGEBET: Was jy ongelukkig? Het hulle jou sleg gebehandel?
15. JEROME : Nee, hulle was baie goed vir my. Ons het in 'n groot dubbelverdieping huis met 'n swembad gebly in Tamboerskloof. Ek was by een van die beste skole in die land. Ek't gaan studeer na skool. Ek het die beste van alles gehad. Maar... [BREEK AF]
16. O. JÓGEBET: Hier's nog iets vir jou. Die belangrikste iets.
17. JEROME : 'n Brief?
18. O. JÓGEBET: Ek't dit vir jou geskryf.

1. JEROME : Hoekom het jy dit nooit gestuur nie?
2. O. JÓGEBET: Ek't nie geweet waar jy was nie. Al wat ek geweet het is dat daar agter jou gekyk word.
3. JEROME : Wat staan hierin? Ek het so baie vrae!
4. O. JÓGEBET: Al jou antwoorde is daarin. Toe, lees. Jy sal nou verstaan. Jy lyk so baie soos jou pa.

BYK : TERUGFLITS EINDIG: TERUG NA JEROME SE KOMBUIS, SONDER TIKGELUIDE. 'N BRIEF WORD OOPGEMAAK OP MIK.

5. JEROME : [LEES] My liewe seuntjie-lief, Moses. Jou goedjies is gepak en ek moet hierdie ding doen, so moeilik soos dit is. Jy sal verstaan as jy ouer is en die wêreld geleer ken het. Jy is die seun van *Lieutenant-commander* James William Clark, die dapperste held van die Groot Oorlog. Hy het jou met liefde vir jou Mamma gegee en Mamma het jou lief.

BYK : TERUGFLITS: DIE STRAND VOOR SONOP. ELKE NOU EN DAN WORD 'N SEEMEEU GEHOOR, ASOOK DIE PREWELKLANKE VAN 'N BABA DEURLOPEND ONDER SPRAAK.

6. JÓGEBET : [BENOUD] Sijjt, moenie dat hulle ons hoor nie. [SING SAGGIES] *It's far beyond the stars, it's near beyond the moon; I know beyond a doubt my heart will lead me there soon.* [POUSE] Ek weet die water was koud, liewe Moses, maar Mamma moés jou eers doop. Ek sal jou doopkleed hier by my hou, dan kan ek elke dag 'n stukkie van jou vashou.

BYK : BABA HUIL.

1. JÓGEBET : Eendag as jy groot is, gaan jy dit kom haal en ek sal dadelik weet dis jy. Mamma het daai boot van die Kaap daar anderkant gesien. Hy kom gewoonlik in die oggende in die hawe in en die volgende oggend is hy weer oppad uit, terug Kaap toe. Sjjjt, my kind van die see. Die branders is in jou hart in en jou siel sout. Die see sal jou nie seermaak nie. [SIT BABA IN BOOTJIE] My liefste seuntjie, die lewe is so vol lelik. Mamma wil nie hê die lelik moet na jou kant toe kom nie. Hulle gaan jou wegvat en dan vir iemand anders gee wat jou gaan wegsteek. Hoekom? Want Mamma en Pappa was baie verskillend van mekaar. Mamma wil hê jy moet grootword waar mense nie verskille sien nie, waar almal dieselfde gebehandel word. Jy is mooi – jy verdien net die beste in die lewe. Mamma sal jou liewers vir die see gee – die see wéét en sal jou beskerm.

BYK : BABA LAG UITBUNDIG.

2. JÓGEBET : Die see bring net mooi mense land toe. Daai mooi mense sal jou na sonop uit die water haal en agter jou kyk en jou grootmaak. Jy sal leer lees, skryf en somme doen. Eendag gaan jy baie stories skryf oor die see wat jou na 'n goeie huis toe gevat het. Nes jou se pa, jou se oupa Moppies en ek – die see kyk agter ons ook. Ons sal mekaar weer sien as die tyd reg is. [SING] *Somewhere, beyond the sea, somewhere, waiting for me...* So ja, my liewe Moses. Lekker warm toegedraai met jou pappa se medalje styf teen jou borsie. Jy sal nie koud kry nie. Die bootjie se gewieg op die water sal jou aan die slaap maak.

BYK : ROEIBOOT WAT IN DIE VLAK WATER IN GESTOOT WORD

**ONDER SPRAAK. BRANDERS KLOTS DEURLOPEND TEEN DIE
BOOT.**

1. JÓGEBET : [KREUN SOOS SY DIE BOOTJIE STOOT] Sjjijt my seuntjie. Nou-nou as jy jou ogies oopmaak, is jy oppad na 'n mooi plek, die plek wat jou die meeste sal bied - Kaap toe. En as hulle vra – jou pappa het daardie medalje gekry by die Groot Oorlog se base. Ek gee ene vir jou en hou ene vir anderdag.

BYK : BABA SE PREWELKLANKE

2. JÓGEBET : Daarsy, my lief-seun, ek stuur die engel saam jou. Hy sal jou vir altyd oppas soos wat hy my opgepas het. Hy lyk so baie na jou pa. Soos jy grootword, onthou tog net om dankie en asseblief te seg. Kruip eers voor jy loop. As jy iets geleen het, gee dit terug met bietjie ekstra. Wees elke dag dankbaar oor iets. Leef met liefde, my kind. Vergewe elke dag iemand. Aanvaar mense wat anders is as jy, of hulle nou blou, geel of groen is. Luister baie musiek. Doen iets kreatief. Maak iets met jou se twee hande of skryf stories. Leef naby die natuur. Praat altyd die waarheid. As jy lief raak vir iemand wat anders as jy is, moenie bekommer nie. Al wat saakmaak, is liefde. Altyd liefde. Jou naam is Moses, want iemand gaan jou uit die water haal.

**BYK : TERUGFLITS EINDIG: WISSELDAAF TERUG NA JEROME SE
KOMBUIS EN TIKMASJIEN SOOS TEVORE. PAPIER WORD UIT
DIE TIKMASJIEN GEHAAL ONDER SPRAAK.**

1. JEROME : [LEES] Jógebet se storie is my storie. 'n Storie van onvoorwaardelike liefde. My naam is Moses, want iemand het my in die water gesit uit liefde. Iemand het my uit die water gehaal in liefde. Liefde oorwin alles.

BYK : JEROME SE KOMBUIS WISSELDOOF NA TEMAMUSIEK (“LA MER” - CHARLES TRENET). DOOF UIT.